



KOM TOER SAAM!

Verken Suid-Afrika met ons bustoere vir 2020/2021

Weskus/Namakwaland Toer

Begin: Kaapstad Internasionale Lughawe – Kaapstad Internasionale Lughawe
Soort: Avontuur/natuur en kultuur
Verwysing: BM/WN
Fisies: 'n Basiese vlak van onafhanklik stap is nodig vir u om die toer werklik te geniet.

Hoekom vertrek ons vanaf Kaapstad met ons Weskus/Namakwaland toere

- o Met ons vertrek vanuit Kaapstad ry ons reeds die blomstreke binne.
- o Die Weskus huisves jaarliks van die heel mooiste blomme, en is altyd die moeite werd om te besoek saam met kultuur- en natuuraktiwiteite.
- o Indien die bus vanaf Gauteng vertrek sou dit **twee dae** neem om tot in Namakwaland te kom en weer twee dae om terug te gaan.
- o Dit beteken ook dat in een rigting gereis word en nie van die program afgewyk kan word nie, ongeag waar die blomme is.
- o Hierdie toer word aangebied in 'n Semi-Luukse Crafter bussie sonder toiletgeriewe. Ons verkies om nie meer as 16 persone te neem nie, en daarom is daar slegs vir TWEE persone enkel-akkommodasie beskikbaar.

HOOGTEPUNTE:

- ✓ Nababeep Kopermyl
- ✓ Skaaphond Vertoning
- ✓ Boesmantekeninge
- ✓ Trekker- en wa rit
- ✓ Rooibostee Fabriekswinkel
- ✓ Ramskop Natuurtuin
- ✓ Bootrit
- ✓ Plaaskombuis/Bosduifklip en Muisbosskerm Restaurant

Toer Verw:	Datum 2020:	Tarief	SADC
BM/W	10 – 16 Augustus 2020	R9 100-00 R12 900-00	Deel Tarief (per persoon) Enkel Tarief
BM/WN	3 – 9 September 2020	R9 200-00 R13 000-00	Deel Tarief (per persoon) Enkel Tarief

Betaal R1 000p/p. deposito (binne 14dae) nadat u bespreking bevestig is, en balans 30dae voor toer vertrek. (Deposito nie terugbetaalbaar met kansellasie nie).

Ingesluit: 6 Nagte Selfsorgeenhede
Geregistreeerde Toergids
18 Sitplek Semi-Luukse Volkswagen Crafter Bussie
Toegangsgelde (soos aangedui op program).
Etes, soos aangedui

Uitgesluit: Drankies
Fooitjies
Etes, soos aangedui
Vlugte retoer Kaapstad Internasionale Lughawe

Kontak persoon: Das Badenhorst
T: 011 919 9017 | S: 083 410 1745 | F: 011 9190211 | E: dasb@atkv.org.za



REISPROGRAM – WESKUS/NAMAKWALAND TOER

Dag 1: **KAAPSTAD INTERNASIONALE LUGHAWE - LAMBERTSBAAI**

Die bus vertrek om 14:00 vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe. Ons reis deur die Swartland met sy goudegeel canola- en grasgroen koringlande. In Piekenierskloofpas stop ons by 'n padstal. Ons reis verder deur die vallei met die Sederberge en Olifantsrivierberge weerskante van die pad tot by Clanwilliam. Hier neem ons die laaste roete na Lambertsbaai waar ons vir 5 nagte sal oorbly.

ETES INGESLUIT: Aandete. (Middagete op eie onkoste)

AKKOMMODASIE: Arendzicht Seefront Selfsorgeenhede

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ *Piekenierskloof*

Dag 2: **LAMBERTSBAAI – GARIES/NABABEEP (Slegs as daar blomme is)**

Vandag is 'n lang dag. Ons vertrek vroeg oggend deur die Knersvlakte en Hardeveld met dorpie soos Nuwerus en Bitterfontein.

Ons besoek Garies en daarna sien ons 'n ou verlate dorpie wat moes skuif en die kleinste titelakte in SA. Ons lê besoek af aan die ou kopermyndorpie Nababeep wat op 'n stadium die rykste kopermyne in die wêreld was.

Vanaand kuier ons almal saam by Muisbosskerm Opelug Restaurant na 'n lang dag op die pad.

ETES INGESLUIT: Ontbyt / Aandete (Middagete op eie onkoste)

AKKOMMODASIE: Arendzicht Seefront Selfsorgeenhede

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ *Garies Padstal*
- ❖ *Nababeep Kopermyne Museum (eie onkoste)*
- ❖ *Springbok*

Dag 3: **LAMBERTSBAAI**

Na heerlike ontbyt het ons bietjie vrye tyd om die mooi weskusdorpie te ontdek. Besoek aan die Sandveld Museum te bring, of net die enigste voëleiland -wat jy te voet kan bereik deur middel van 'n breekwatermuur- te gaan besoek.

Na-middag vat ons die pad na Steenbokfontein vir 'n onvergeetlik trekker- en wa-rit na die bekende grotte vir Boesmantekeninge. Daarna ontmoet ons vir Lappies en Joy van die Weskus Skaaphond Klub wat hulle vernuf met skape aankeer vir ons demonstreer.

Tradisionele aandete op 'n houtstoof is ons bederf vir die aand by Plaaskombuis waar Kitta Burger ons spookstories en die liefdestorie van die Sybil-boot sal vertel.

ETES INGESLUIT: Ontbyt / Aandete (Middagete op eie onkoste)

AKKOMMODASIE: Arendzicht Seefront Selfsorgeenhede



HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ *Trekker en wa-rit*
- ❖ *Boesman Kuns*
- ❖ *Skaaphondvertoning*
- ❖ *Spookstories*

Dag 4:

LAMBERTSBAAI – VANRHYNSDORP/NIEUWOUDTVILLE

Ons volg vandag 'n ander roete deur die Knervlakte tot teen die Bokkeveldberge waar ons die skouspelagtige Vanrhynspas sal bestyg tot bo-op die Bokkeveldplato by Nieuwoudville – bolplanthoofstad van die wêreld! Ons sal die dag rondom hierdie dorpie spandeer en besienswaardighede besoek.

ETES INGESLUIT: Ontbyt / Aandete (Middagete op eie onkoste)

AKKOMMODASIE: Arendzicht Seefront Selfsorgeenhede

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ *Vanrhynsdorp Vetplant Kwekery*
- ❖ *Kokerboomwoud*
- ❖ *NG Kerk Nieuwoudville*
- ❖ *Klawer Wynkelder*

Dag 5:

LAMBERTSBAAI - CLANWILLIAM

Vandag kuier ons in die Olifantsrivierstreek. Ons gaan lê besoek af by C.Louis Leipoldt se graf in die berge en kyk na die mooi rotsformasies. Op Clanwilliam besoek ons Ramskop Natuurtuin op die oewer van die Clanwilliamdam en daarna besoek ons Strassbergers Skoenwinkel en Rooibostee Fabriekswinkel.

Heerlike vrye tyd in die dorp om jou besoek te verseker aan Tolla se Winkel en ander interessante winkels en stalletjies teen die pad.

Terug in Lambertsbaai wag die panoramiese opelug restaurant, Bosduifklip, vir ons laaste weskusete.

ETES INGESLUIT: Ontbyt / Aandete (Middagete op eie onkoste)

AKKOMMODASIE: Arendzicht Seefront Selfsorgeenhede

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ *C. Louis Leipoldt graf*
- ❖ *Ramskop Natuurtuin*
- ❖ *Strassbergers Skoenwinkel*
- ❖ *Rooibostee Fabriekswinkel*

Dag 6:

LAMBERTSBAAI - LANGEBAAN

Vroeë ontbyt en ons groet Lambertsbaai. Ons reis via Elandsbaai/Dwarskersbos na Velddrif vir 'n rivierboot-ervaring en die geskiedenis van die hoofstad van Bokkoms.

Ons gaan loer vinnig in by Paternoster se “panty bar” en stap deur die skilderagtige weskusdorpie. Daarna vertrek ons om laat na-middag by ons akkommodasie in Langebaan te arriveer.



Vanaand doen ons afsluiting van die toer by 'n baie unieke restaurant op 'n plaas.

ETES INGESLUIT: Ontbyt / Aandete. (Middagete op eie onkoste)

AKKOMMODASIE: Langebaan Country Estate

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ Rivierboot
- ❖ Paternoster

Dag 7:

LANGEBAAN – KAAPSTAD INTERNASIONALE LUGHAWE

Laaste ontbyt as groep.

Ons vertrek via Weskus Nasionale Park en geniet die mooi uitsig by Plankiesbaai. Doen 'n sirkelroete in die park en vertrek terug na Kaapstad Internasionale Lughawe.

Bus arriveer 14:00 by Kaapstad Internasionale Lughawe. Vlugte kan slegs vanaf 15:00 bespreek word om seker te maak jy verpas nie jou vlug nie.

Ons groet tot volgende keer.

ETES INGESLUIT: Ontbyt (Middagete op eie onkoste)

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ Weskus Nasionale Park

(Program kan aangepas/verander word weens omstandighede buite die ATKV se beheer).



BELANGRIKE INFORMASIE

Dit is belangrik dat u moet weet dat die blommeseisoen in hulle reënseisoen is.

Tydens die beplanning van die toer was die bostaande roete, aktiwiteite asook toer-plan korrek, maar ons streef onophoudelik daarna om aan ons kliënte die beste en veiligste toer te bied, ten alle tye. Ons behou die reg voor om op enige tyd aanpassings of veranderings aan die toer/roete of aktiwiteite te maak op ons diskresie, in belang van die groep. Die dag tot dag se reisprogram kan omgeruil om by die weer aan te pas en vir die beste blomme wat in die streek is.

Gedurende die verloop van tyd verander toestande van die paaie (hetsy goed of sleg) wat gewoonlik nuwe roetes oopmaak. Gekontrakteerde kampe en akkommodasie se standarde verander (hetsy goed of sleg), opsionele aktiwiteite word beskikbaar of word by-gelas en sommige gaan uit besigheid uit, nuwe grense maak oop of die normale grense word eenvoudig net te besig, ens. Ons monitor onophoudelik elk van die bogenoemde faktore wat tot die sukses van die toer sal lei en sal dus veranderings maak indien omstandighede dit vereis of indien dit die toer positief sal baat.

Weens ooreenkoms met huurmaatskappy mag die bus nie op grondpaaie reis nie.